# BEGRIP EN INSIG BY DIE EVALUERING VAN SKRIFTELIKE WERK IN GESKIEDENIS

Prof. P.H. Kapp
Universiteit Stellenbosch
10.04.1990

Daar is vier uitdrukkings wat in die beoordeling van skriftelike werk in Geskiedenis 'n sleutelrol speel: feitekennis, begrip, insig en formulering. 'n Versameling van feite ter wille van die feite of die versameling is 'n antikwariese aktiwiteit. Terwyl feite die onmisbare boustene van enige kennis is, kan nie by blote feiteversamelings volstaan word nie en moet dit aangewend word vir een of ander doel. In Geskiedenis kan daardie doel wees die daarstel van 'n logiese, boeiende en verhelderende *beskrywing* van gebeure. Dit kan ook wees die historiese toeligting van bepaalde *probleme of verskynsels,* die *verklaring* van bepaalde ontwikkelinge, of die daarstelling van 'n *sintese* by wyse van vergelyking of vertolking van 'n omvattende historiese ontwikkelingsgang. Al vier eksponente van Geskiedenis berus op 'n diepgang van feitekennis, maar die relatiewe omvang van die getal feite, nie die diepgang nie, neem progressief af van die beskrywende na die vertolkende sintese. Ewe seer neem die diepgang en die omvang van die begripvolle en sinvolle uitsprake progressief toe van die beskrywende na die vertolkende sintese. Daar is dus 'n bepaalde verhouding tussen feitekennis, begrip en insig en hulle kan nie in isolasie van mekaar bedink word nie.

Wat met begrip en insig bedoel word, is nie so 'n maklike vraag om te beantwoord nie. Is dit vir die onderwyser moontlik om aan leerlinge te verduidelik wat bedoel word as gesê word dat hulle werk gebrek aan insig en begrip toon? Afrikaanse Verklarende Woordeboeke gee insig en begrip as sinonieme. Hoewel tweelinge wat onafskeidbaar aan mekaar verbonde is, is die twee nie identies nie. Sonder begrip is geen insig moontlik nie, en sonder insig geen begrip nie. Daar is onderskeibare subtiele verskille tussen die twee wat op verskillende funksies dui. Wanneer 'n onderwyser aan leerlinge verduidelik hoe om 'n Wiskundeprobleem aan te pak, wil hy sê dat hulle die metode hoe dit gedoen moet word, moet begryp. As hulle dit begryp kan hy die stel feite van die probleem verander, maar hulle moet dan die insig hê om dit te erken as

dieselfde probleem wat op dieselfde metode aangepak moet word.

Geskiedenis is nie 'n toepassingsvak waar die stel feite gemanipuleer kan word om die toepassingsmoontlikhede van formules of metodes te toets nie. Daarom is die funksie van begrip en insig in Geskiedenis soortgelyk maar anders as dié in die Wiskunde. Wanneer 'n leerling byvoorbeeld die Franse Rewolusie net as 'n reeks individuele en dramatiese gebeure soos die bestorming van die Bastille, die optrede van die gepeupel en die gebruik van die skavot sien, het hy geen begrip van en dus ook geen insig in die Franse Rewolusie nie. Dit word vir hom 'n sinvolle eenheid as hy begryp wat die opstand teen die ou orde wesenlik beteken het. As hy dit verder kan voer en verbande kan lê met die nuwe idees en ontwikkelinge wat daaruit voortgevloei het en as hy dit as 'n veranderingsproses kan beoordeel, openbaar hy insig.

Elke opstelvraag wat 'n leerling in Geskiedenis beantwoord, moet naas die feitekennis ook begrip en insig toets. Die gebruik om die drie sake as losstaande dinge te beskou wat afsonderlik beoordeel en bepunt word, is vreemd. Jy kan immers nie soveel punte vir feite en soveel vir begrip en insig toeken nie want dan misken jy die ineengeweefdheid van dié dinge. Hulle moet dus as 'n eenheid beoordeel word. Maar die onderwyser moet vir die leerlinge kan verduidelik wat met begrip en insig bedoel word en waarop dus in die beoordeling van werk gelet word.

**WAT IS BEGRIP?**

- Verstaan die leerling waarom dit in 'n spesifieke stuk geskiedenis gaan of bied hy net 'n versameling losstaande feite aan?
  - Begryp hy politieke, ekonomiese, maatskaplike of kulturele gebeure en verskynsels? Gebruik hy die terminologie wat ter sake is korrek?
  - Het hy 'n goeie tydsbegrip van die bepaalde saak?
  - Het hy 'n lokaliteitsbegrip?
  - Toon hy 'n duidelike greep op die feite soos blyk uit sy soepele hantering daarvan?
- Wat is die hoofaspekte of hoofmomente wat hy uitkies om 'n bepaalde vraag te beantwoord? Kies hy die werklik belangrike en betekenisvolle of gebruik hy relatief onbelangrike dinge? Kan hy beklemtonings plaas of behandel hy al die feite as betekenisvol? Slaag hy daarin om tipies historiese veralgemenings te maak wat goed verantwoord word?
- Watter feite gebruik hy om hierdie hoofmomente toe te lig of sy argumente te bewys? Is hulle relevant, korrek en funksioneel?

**WAT IS INSIG?**

- Beredeneer die leerling die antwoord logies en oortuigend of volstaan hy met die opnoem van gebeure? Dui hy die implikasies van gebeure aan?
- Watter verbande lê hy tussen gebeure? Toon hy die samehang van gebeure aan? Kan hy aantoon hoe 'n bepaalde gebeurtenis op ander gebeure inwerk of daarin gereflekteer word? Kan hy, wanneer 'n tema afgehandel is, die begin en einde met mekaar in verband bring? Byvoorbeeld hoe die Vrede van Versailles met die Duitse inval in Pole in 1939 verband hou.
- Beklemtoon hy die regte dinge of plaas hy die klem op dié sake waaroor die onderwyser interessante staaltjies vertel het? As hy oor Napoleon skryf, steek hy vas by die onderwyser se sappige stories of kom hy uit by die dinge waaroor dit werklik gaan? Bly Bismarck se buitelandse beleid vir hom 'n reeks verdrae of kom hy uit by die wesenlike van sy magspolitiek?
- Wat laat hy weg? Dit wat hy weglaat weerspieël dikwels beter as enigiets anders sy vermoë om te evalueer.
- Die wyse waarop sy antwoord geformuleer word, is een van die belangrikste maniere om insig te toets. Hoe gedagtes uitgedruk word, toon ware meesterskap aan. Dit is in die eerste plek 'n toets vir insig en dan eers vir taalkundige vermoë. Skryf hy logies en konsekwent of weerspreek hy homself? Het sy sinne en paragrawe verband met mekaar of is dit losstaande stukkies geïsoleerde inligting? Redeneer hy of vertel/beskryf hy? Is sy taalgebruik suiwer en korrek of is dit verwarrend of geradbraak?

**IMPLIKASIES VIR ONDERRIG**

Watter implikasies. Hierdie uiteensetting van begrip en insig het bepaalde implikasies vir die onderrig van Geskiedenis. Het leerlinge die gevorderde vermoë om insig só te ontwikkel? Gee leerlinge nie maar net meganies weer wat die onderwyser vir hulle in die klas afrig om te gee nie? As die onderwyser vrae uitwerk wat die leerlinge memoriseer en waarin hierdie kenmerke goed verwerk is, het die leerlinge enige begrip en insig ontwikkel?

In antwoord op hierdie vrae moet op 'n aantal sake gelet word:

- Dit is goed om leerlinge te oefen om opstelvrae uit te werk waarin hierdie dinge prakties toegepas word. Dit is 'n onding om vir hulle uitgewerkte vrae te gee wat hulle memoriseer.
- Die onderwyser moet in die klas al die aspekte van begrip en insig hanteer by elke stuk werk wat behandel word. Dit moet egter nie op 'n papegaaiagtige manier gedoen word nie, maar vraagstellend, denkend en ontledend. So ontdek die leerlinge die struktuur van denke wat begrip en insig moontlik maak.
- Leerlinge beskik nie oor die uitgebreide agtergrondskennis om al die moontlikhede raak te sien nie. Maar daar is ander meer beperkte metodes waardeur dit geoefen en bevorder kan word. 'n Stuk teks waaruit die leerling seleksies en formulerings moet doen, is 'n uitstekende oefening. Begripstoetse wat op die raaksien van verbande gerig is, is 'n ander een. Vergelyking van bepaalde paragrawe kan verhelderende insigte bring as die leerlinge die inhoud begryp.
- Die onderrigstyl van die onderwyser speel 'n belangrike rol in die vestiging van die regte ondersoekende benadering by die leerlinge. As sy onderrig voorskriftelik is en hy sy stel feite en vertolkings as die enigste gesaghebbende aanbied, werk dit inhiberend in op die ontwikkeling van die leerlinge se eie denke en soeke na begrip en insig. As hy vraagstellend en verbandsoekend met die stof omgaan, sal dit vir die leerlinge voortdurend demonstreer hoe begrip en insig ontwikkel word.

**IMPLIKASIES VIR NASIEN**

Om by die nasien van skriftelike werk begrip en insig tot sy reg te laat kom, vereis 'n geïntegreerde evalueringstegniek wat vereis dat 'n aantal aspekte gelyk-

tydig nagegaan moet word:

- Eerstens moet die makro-indeling van 'n stuk werk bepaal word. Wat is die hoofmomente van die antwoord? Getuig dit van insig en begrip? Indien wel, het die leerling reeds 'n goeie grondslag vir sy antwoord gelê. 'n Leerling wat byvoorbeeld die oorsake van die Groot Trek in verskillende kategorieë indeel, vertoon meer insig as een wat Piet Retief se manifes naskryf.

- Tweedens moet na die mikro-indeling gekyk word. Hoe word die hoofaspekte elkeen beredeneer en verantwoord?

- Derdens, watter verbande word tussen hierdie dele gelê? Hoe logies en beredeneerd is dit? Of is dit losstaande brokke inligting wat langs mekaar gevoeg is? Hang alles in die lug of is daar 'n denkstruktuur in? Prop hy alles wat hy weet in die antwoord in, of is daar struktuur en vertolking in wat hy skryf?

- Vierdens, hoe goed is die formulering? Getuig d van eie formulering of is dit 'n blote naskryf va die handboek? As 'n leerling nie oor die vermo beskik om sy gedagtes uit te druk nie, beskik h waarskynlik ook nie oor 'n goeie begrip van die i houd nie. As hy die inhoud werklik verteer en t sy eie gemaak het, moet hy dit tot uitdrukking ka bring.

Indien die werk ten opsigte van die eerste twe aspekte van hoë gehalte is, is die waarskynlikhei groot dat die laaste twee ook goeie kwaliteit sal ve teenwoordig. Maar leerlinge versteek dikwels hul onvermoë tot begrip en insig in uitgebreide feiteve samelings. Dan word aan drie en vier 'n mindere be tekenis geheg wat in die puntetoekenning gerefle teer sal wees.

Insig en begrip kan nie as 'n afsonderlike iets beoo deel word nadat die eerste twee aspekte beoordeel i nie. Daar kan nie agterna besluit word hoeveel begri en insig werd is nie. Dit moet as integrale deel van di antwoord en memorandum beoordeel word.